basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## 2017

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. Sleutel jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskrif ('footer') in van ELKE dokument wat jy skep of stoor, waar toepaslik.

3. Die toesighouer sal 'n CD/DVD/geheuestokkie ('flash disk') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n CD/DVD aan jou uitgereik word, moet jy jou eksamennommer en sentrumnommer op die CD/DVD skryf. Indien jy op die netwerk werk, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word.

4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer sal wees, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

6. Beantwoord AL die vrae.

7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

8. Lees elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheuestokkie inlewer wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL die antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE.

10. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

11. Gedurende die eksamen mag jy die hulpfunksies van die programme wat jy gebruik, raadpleeg. Jy mag GEEN ander hulpbronmateriaal gebruik NIE.

Kopiereg voorbehou 

12. Tensy anders aangedui, gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in sigbladvrae. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

13. **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as die bestaande data verander.

14. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.

15. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui.

16. Gebruik sentimeter as meeteenheid wanneer jy hierdie vraestel beantwoord.

17. Een punt word gewoonlik per aksie toegeken; dus sal 'n 2-punt-vraag gewoonlik TWEE aksies vereis, ensovoorts.

18. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheuestokkie wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1Bullet | Prentlêer |
| • 1Cost | Woordverwerkingslêer |
| • 2Cars | Prentlêer |
| • 2Guide | Woordverwerkingslêer |
| • 3Car | Sigbladlêer |
| • 4Show | Sigbladlêer |
| • 5Old | Prentlêer |
| • 5Sales | Databasislêer |
| • 6Beware | HTML-lêer |
| • 6Drive | Prentlêer |
| • 7Acc | Databasislêer |
| • 7Answ | Woordverwerkingslêer |
| • 7Buy | Databasislêer |
| • 7Chart | Sigbladlêer |
| • 7Statem | Woordverwerkingslêer |

**SCENARIO**

Baie jong mense sou graag 'n motor as vervoermiddel wou koop. Wanneer hulle besluit om 'n motor te koop, moet hulle verskeie aspekte oor die besit van 'n motor versigtig oorweeg.

## VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Daar is baie verskuilde koste by die aankoop van 'n motor.

Maak die **1Cost**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskrif ('footer') in.

1.1 Vind die WordArt 'What your car is really costing you' en verander dit soos volg:

- Pas enige <u>weerkaatsing</u>-tekseffek ('reflection text effect') op die WordArt toe. Maak seker dat die hele WordArt en die weerkaatsing-effek duidelik sigbaar is.
- Pas 'n <u>teks</u>-buitelyn ('text outline') van 1.5 pt (1½ pt) rondom die WordArt toe (die buitelyn verskyn om elke karakter en nie as 'n buiteraam ('border') nie). (3)

1.2 Vind die teks 'Document created:' onder die WordArt.

Voeg 'n veld langs die teks in om die datum waarop die dokument geskep is, te vertoon. (2)

1.3 Gebruik die vervangings('replace')-eienskap van die woordverwerker om enige verskyning van die woord 'depreciation' te vervang sodat dit in vetdruk met 'n skrap('strikethrough')-effek vertoon. (4)

1.4 Vind die teks wat met 'Ownership Costs' begin en met '… overnight parking, etc.' eindig en doen die volgende:

- Plaas hierdie teks in twee kolomme.
- Maak seker dat die teks 'The costs of a car are:' altyd boaan die tweede kolom sal verskyn. (2)

1.5 Vind die teks wat met 'fuel …' begin en met '… roadworthy' eindig onder die opskrif 'Running Costs'.

Skep 'n veelvlak('multilevel')-list en pas dit soos volg toe:

- Voeg die prent **1Bullet** vir alle vlak-een-inskrywings in en stel die teks om 1.5 cm weg van die kolpunte af te wees.
- Voeg die 1, 2, 3 …-nommering vir die vlak-twee-nommering in, soos in die voorbeeld hieronder getoon.
- Stel die nommer vir die vlak-twee-nommering op 0 cm inlyn.

| | |
|---|---|
|  | fuel |
| 1 | filling up the tank |
|  | maintenance |
| 1 | car service |
| 2 | roadworthy |

(5)

1.6 Vind die tabel onder die teks wat met '… my example are:' eindig en verander die tabel soos volg:

- Verander die ry-hoogte van al die rye in die tabel na presies 0.9 cm.
- Formateer die tabel deur enige tabelstyl van jou keuse op die tabel toe te pas.
- Sentreer die inhoud van die hele tabel vertikaal.
- Voeg 'n byskrif ('caption') vir die tabel in deur die teks in die sel van kolom 1 en ry 5 as die byskrif van die tabel te gebruik. Die byskrif moet met 'Table 4' begin. (5)

1.7 Vind die teks wat met 'Summary: What …' begin.

Plaas die teks vanaf hierdie punt tot aan die einde van die dokument in landskap-oriëntering ('landscape orientation'). Die res van die bladsye in die dokument moet in portret-oriëntering ('portret orientation') bly. (2)

1.8 Voeg enige outomatiese figuurtabel ('table of figures') aan die einde van die dokument in. (1)

Stoor en maak die **1Cost**-dokument toe. **[24]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

'n Riglyndokument is geskep om motorkopers te help.

Maak die **2Guide**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskrif ('footer') in.

2.1 Verwyder die kommentaar ('comment') op die eerste bladsy van die dokument. (1)

2.2 Bring soos volg die volgende veranderinge op die eerste bladsy aan:

- Pas die 'Car Front'-styl op die opskrif 'GUIDELINES TO BUYING A CAR' toe.
- Voeg die prent **2Cars.jpg** as 'n watermerk SONDER enige uitgewaste effek ('washout effect') in. Hierdie watermerk moet SLEGS op die eerste bladsy van die dokument verskyn. (5)

2.3 Vind die inhoudsopgawe ('table of contents') onder die teks 'TABLE OF CONTENTS' op die tweede bladsy van die dokument en doen die volgende:

- Verander die formaat van die inhoudsopgawe na 'Modern' en MOENIE bladsynommers vertoon NIE.
- Dateer die inhoudsopgawe op. (3)

2.4 Vind die aanhaling ('citation') 'Wisebuyer's Guides' aan die begin van bladsy 3 en redigeer die bron van die aanhaling deur die naam van die webblad 'Facts for car buyers' by te voeg. (1)

2.5 Vind die genommerde paragrawe op bladsy 3 van die dokument.

Formateer paragraaf 2 en 3 onderskeidelik om dieselfde inkeping ('indentation') as die eerste genommerde paragraaf te hê. (2)

2.6 Verander die 'Heading 1'-styl soos volg:

- Verander die fontgrootte na 20.
- Verander die fontkleur na rooi.
- Verander die paragraafspasiëring ('paragraph spacing') ná die paragraaf na 12 pt. (3)

2.7 Vind die teks 'emissions' in die paragraaf onder die opskrif '6. Fuel consumption to the fore'. Voeg soos volg 'n voetnoot ('footnote') op die teks in:

- Die voetnoot moet altyd onder die teks verskyn.
- Gebruik die simbool ⟲ (Webdings-karakterkode 113).
- Voeg die teks 'Carbon dioxide' as die voetnoot-teks by. (4)

2.8 Vind die teks 'So you have made your decision' in die laaste paragraaf (paragraaf 10).

Voeg 'n skakel op hierdie teks in na die webtuiste www.cars4you.co.za. (2)

2.9 Justeer ('Justify') die hele dokument en pas outomatiese woordafbreking ('hyphenation') toe. (2)

Stoor en maak die **2Guide**-dokument toe. **[23]**

## VRAAG 3: SIGBLAD

'n Lys van motors wat by die Mzansi Car Sales-vertoonlokaal beskikbaar is, is in 'n sigblad vasgelê.

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar dit deur die vraag vereis word, om te verseker dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in die sigblad kopieer.
- Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.

Maak die **3Car**-sigblad oop en werk in die **Info**-werkblad.

3.1 Voeg die teks 'MZANSI CAR SALES' in **sel A1** in. (1)

3.2 Die kode vir elke motor word soos volg geskep:

- Die eerste twee letters van die naam van die motorvervaardiger (**kolom B**)
- Gevolg deur die laaste drie getalle van die jaar waarin die motor vervaardig is (**kolom F**)
- Gevolg deur die eienaar se naam (**kolom K**)

Voeg 'n funksie in **sel A3** in om die kode vir daardie motor te skep.

VOORBEELD: Chevrolet, 2007, J Bihl sal Ch007J Bihl as kode hê. (6)

3.3 Voeg 'n funksie in **sel G4** in om die ouderdom van die motor te bereken deur die huidige jaar en die datum waarop die motor uit die fabriek beskikbaar gestel is, in **kolom F** te gebruik.

Maak seker dat die funksie nog steeds die korrekte antwoord vir enige jaar sal produseer, byvoorbeeld 2017 of 2018. Die ouderdom moet as 'n heelgetal vertoon word. (4)

3.4 Gebruik 'n funksie in **kolom J** om die motor se registrasienommer in **kolom I** in bo-kas ('upper case ') te vertoon, byvoorbeeld VGG586FS.

Steek **kolom I** weg. (3)

3.5 Voeg 'n funksie in **sel L4** in om die posisie van die spasie tussen die eienaar se voorletters en van in **kolom K** te bepaal. (3)

3.6 Voeg 'n funksie in **sel M5** in deur die posisie van die spasie in **kolom L** te gebruik om slegs die van uit **kolom K** te vertoon.

VOORBEELD: 'HC Burger' sal 'Burger' vertoon en 'D Kotze' sal 'Kotze' vertoon. (5)

3.7 Die deposito vir 'n motor word bereken deur die jaar (**kolom F**) en die verkoopprys (**kolom N**) soos volg te gebruik:

| JAAR | DEPOSITO |
|---|---|
| 2014 of nuwer | 10% van verkoopprys |
| 2010 tot 2013 | 20% van verkoopprys |
| 2009 of ouer | 30% van verkoopprys |

Voeg 'n geneste IF-funksie in **sel O6** om die werklike deposito wat betaal moet word, te bereken. (4)

3.8 Die totale bedrag verskuldig vir 'n motor word bereken deur die rente (**kolom P**) by die verkoopprys (**kolom N**) te tel en dan die deposito (**kolom O**) af te trek.

Voeg 'n formule in **sel Q7** om die maandelikse terugbetaling van die motor oor 60 maande te bereken deur die totale bedrag verskuldig te gebruik. (Die motor sal met 60 gelyke maandelikse paaiemente terugbetaal word.) (2)

3.9 Voeg 'n VLOOKUP-funksie in **sel R8** om die $CO_2$-vrystellings vir elke enjingrootte (**kolom E**) te bepaal. Gebruik die tabel in die **CO2**-werkblad.

Maak seker dat die funksie korrek sal werk as dit na die ander selle in **kolom R** gekopieer word. (4)

Stoor en maak die **3Car**-sigblad toe. **[32]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

Die verskillende tipes voertuie in die vertoonlokaal is in 'n sigblad vasgelê.

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar dit deur die vraag vereis word, om te verseker dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in die sigblad kopieer.
- Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.

Maak die **4Show**-sigblad oop en werk in die **Type_Tipe**-werkblad. Verwys na die opsomming van die voertuie in die vertoonlokaal (**sel I3:J16**).

4.1 Voeg 'n funksie in **sel J15** in om die totale getal Toyota-voertuie in die vertoonlokaal te bereken. (3)


4.2 Voeg 'n funksie in **sel J18** in om die tweede hoogste totaal van al die verskillende tipes voertuie in die vertoonlokaal te bepaal (**kolom J**). (3)

4.3 Voeg 'n funksie in **sel J19** in om die totale getal voertuie in die vertoonlokaal te bepaal. (2)

4.4 Voeg 'n funksie in **sel J20** in om die totale waarde van die VW-voertuie in die vertoonlokaal te bepaal. (4)

4.5 Gebruik 'n toepaslike sigbladeienskap om alle <u>unieke</u> waardes in **sel J3:J16** met 'n groen vulkleur te formateer. (3)

4.6 'n Grafiek is geskep deur die data in **reeks I3:J16** te gebruik. Verander die grafiek om soos die grafiek hieronder te lyk deur die instruksies wat volg, uit te voer:




- Voeg die teks 'Number of cars' vir die vertikale as in.
- Verander die grafiek-titel na 'Makes Available'.
- Formateer die kolomme sodat daar geen gapings tussen die kolomme is nie.
- Gebruik 'n sigbladeienskap om elke kolom te formateer sodat dit in 'n ander/variasiekleur sal vertoon.
- Vertoon die rame ('borders') van die kolomme as 'n soliede swart lyn.
- Skuif die grafiek na die **Motor**-werkblad. (6)

Stoor en maak die **4Show**-sigblad toe. **[21]**

## VRAAG 5: DATABASIS

'n Databasis is geskep om die besonderhede van motors te stoor.

Maak die **5Sales**-databasis oop.

5.1 Redigeer die **tbSales**-tabel soos volg:

5.1.1 Verander die veldgrootte van die *Make*-veld na 70. (1)

5.1.2 Voeg die 'SUV'-opsie by die aftreklys ('drop-down list') in die *Type*-veld. (1)

5.1.3 Voeg 'n valideringsreël ('validation rule') by om seker te maak dat slegs waardes later as of gelyk aan die huidige datum in die *SellDate*-veld ingevoer kan word.

'n Geskikte boodskap moet vertoon as 'n verkeerde datum ingevoer word. (3)

5.1.4 Verander die datatipe van die *Photo*-veld na 'n geskikte datatipe. (1)

5.1.5 Skep 'n toevoermasker ('input mask') op die *RegNumber*-veld om seker te maak dat die gebruiker 'n registrasienommer in die volgende formaat invoeg:

- Al die letters moet in bo-kas ('upper case ') vertoon word
- Twee verpligte letters
- Gevolg deur ten minste een, maar moontlik twee, letters of syfers

VOORBEELD: ABC, HL8C, GUY1, REFG, MN45 (4)

Stoor en maak die **tbSales**-tabel toe.

5.2 Maak die navraag genaamd **qry5_2**, gebaseer op die **tbClients**-tabel, oop en doen die volgende:

- Voeg die *Title*-veld uit die **tbClients**-tabel in.
- Sorteer die lys alfabeties eers volgens van en dan volgens voorletters.

Stoor en maak die **qry5_2**-navraag toe. (4)

5.3 Maak die navraag genaamd **qry5_3**, gebaseer op die **tbPayments**-tabel, oop en doen die volgende:

- Voeg 'n berekende veld met die naam *Balance* in om die uitstaande bedrag te bereken. Die uitstaande bedrag word verkry deur die bedrag betaal <u>en</u> die deposito van die verkoopprys af te trek.
- Formateer die *SellingPrice*-veld na geldeenheid ('currency') in rand.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (5)

5.4 Maak die navraag met die naam **qry5_4**, gebaseer op die **tbCars**-tabel, oop en verander dit om slegs voertuie wat deur Nissan of Ford vervaardig is en 'n aankoopprys van minder as of gelyk aan R100 000 het, te vertoon.

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe. (4)

5.5 Maak die **frm5_5**-vorm, gebaseer op die **tbCars**-tabel, oop en doen die volgende:

- Voeg die prent **5Old.jpg** in die vormboskrif ('form header') in.
- Voeg die *Colour*-veld by die vorm.
- Stel die <u>verstekwaarde</u> ('default value') van die 'Popular'-merkblokkie ('check box') om nie geselekteer te wees nie.
- Voeg 'n funksie in die teksblokkie ('text box') langs die 'Function_Funksie'-etiket ('label') in om die verkoopprys van die voertuig te bepaal. Die verkoopprys word bereken deur 10 persent by die aankoopprys te voeg.

Stoor en maak die **frm5_5**-vorm toe. (8)

5.6 Maak die **rep5_6**-verslag oop en redigeer dit soos volg:

- Verander die verslag se oriëntasie na landskap ('landscape').
- Voeg 'n tweede groepering op die *Year*-veld.
- 'n Verkeerde poging is aangewend om die totale waarde van die voertuie per vervaardiger te bepaal. Maak die funksie reg en vertoon die berekening in geldeenheid ('currency').
- Die jaar van die huidige datum word in die verslagboskrif ('report header') vertoon. Verander die formule om die maand van die huidige datum te vertoon.
- Voeg 'n funksie in en vertoon die gemiddelde prys van 'n voertuig vir 'n bepaalde vervaardiger.

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe. (8)

Stoor en maak die **5Sales**-databasis toe. **[39]**

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

'n Webblad is geskep. Volg die instruksies hieronder om die webblad te voltooi.

Maak die onvolledige **6Beware**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teksredigeerder (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE) oop.

**LET WEL:**

- Vraagnommers is as kommentaar ('comments') in die kodering ingevoeg om te toon waar die antwoord(e) ongeveer ingevoeg moet word.
- Jou webblad mag anders vertoon, afhangend van die webblaaier ('browser') wat gebruik word.
- 'n HTML-merkersblad ('tag sheet') is as verwysing aangeheg.

Jou finale webblad moet soos die voorbeeld hieronder lyk.

# Unsafe Driving in the Cellphone Era




### Driver Behaviour: Distracted While Driving

In 1997 the use of cellphones had become so popular that the National Highway Traffic Safety Administration conducted a study that assessed the potential dangers in the growing use of wireless phones.

Since the invention of cellphones their usefulness and portability has lent them to mass production and consumption. The cost has exponentially deflated, as well, which means almost everyone can afford the convenience.

### Rise in Potentially Dangerous Vehicular Events

When the NHTSA released its study the report was responding to the alarming increase in driver distraction posed by cellphones.

The summary of the report explains, "Although there is a serious under-reporting bias in the data, there are trends which show that cellular **telephone use is a growing factor in crashes."**

### How a Cellphone Contributes to Driving Dangers

Two types of cellphone behaviour typically lead to unsafe driving conditions:

- Handling the phone: dialling, answering, text messaging, etc.
- The conversation distracts you from concentrating on the road.

Is fumbling with the cellphone itself a more dangerous activity than your conversation?

### Consumer Attitudes

So, the auto safety industry is able to isolate the two most concrete factors in cellphone use that lead to unsafe driving situations or to crashes. But, when polled, what do drivers think? Some studies have shown that drivers themselves believe that cellphones are a bigger distraction than any other behaviour in which they engage while driving.

### Things drivers do that take their eyes and focus off the road:

| ACTION | Witnessed often or always | Makes a lot of difference to safety. |
|---|---|---|
| **The driver is talking on a cellphone.** | 57% | 28% |
| **The driver is selecting music while driving.** | 52% | 13% |
| **Music in the car is very loud.** | 46% | 14% |
| **The driver and passengers are dancing or singing along to the music.** | 33% | 21% |
| **The driver is text messaging, playing a video game, or using some other kind of handheld device.** | 19% | 79% |
| **BE ALERT!!!** | | |

**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy om jou met dié vraag te help.

6.1 Formateer die opskrif 'Unsafe Driving in the Cellphone Era' soos volg:

- Verander die fonttipe na Tahoma.
- Verander die fontgrootte na 24 pt. (2)

6.2 Voeg 'n horisontale lyn onder die opskrif 'Unsafe Driving in the Cellphone Era' in. (1)

6.3 Sentreer die prent horisontaal en plaas 'n raam van 5 pt rondom. (2)

6.4 Vind die teks 'Driver Behaviour: Distracted While Driving'. Verander dit na 'n vlak-twee-opskrif ('level two heading'). (1)

6.5 Vind die teks 'driver distraction' onder die opskrif 'Rise in Potentially Dangerous Vehicular Events'.

Skep 'n skakel op hierdie teks na die anker 'Distraction' wat reeds in die dokument bestaan. (3)

6.6 Vind die teks wat met 'Handling the phone ...' begin en met '… on the road' eindig.

Plaas hierdie inligting in 'n kolpuntlys ('bulleted list'), soos in die voorbeeld op die vorige bladsy getoon. (2)

6.7 Vind die tabel onder die opskrif 'Things drivers do that take their eyes and focus off the road:'.

6.7.1 Verander die tabel soos volg:

- Verander die agtergrondkleur van die tabel na ligblou ('light blue').
- Stel die spasie tussen die teks en die selrame ('cell borders') na 3 pt.
- Stel die breedte van tabel na 80%. (3)

6.7.2 Verander die eerste ry van die tabel soos volg:

- Stel die hoogte van die eerste ry na 80 pt.
- Stel die eerste ry se inhoud vertikaal inlyn sodat dit aan die onderkant verskyn.
- Verander die opskrif 'Action' na kursief. (3)

6.7.3 Voeg die data 14% by die sel in die derde kolom van die vierde ry. (1)

6.7.4 Voeg die selle in die laaste ry van die tabel saam ('merge'). (1)

Stoor en maak die **6Beware**-webblad toe. **[19]**

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Maak die **7Statem**-woordverwerkingsdokument oop, wat vir 'n possamevoeging ('mail merge') saam met die **tbClients**-tabel in die **7Acc**-databasis gebruik sal word.

7.1 Skakel die **7Statem**-possamevoegingsdokument met die **tbClients**-tabel in die **7Acc**-databasis as 'n databron ('data source'). (2)

7.2 Vervang die teks '<Insert Initials>' en '<Insert Surname>' onderskeidelik met die voorletters-veld en van-veld uit die databron.

MOENIE die possamevoeging voltooi NIE. (1)


7.3 Voltooi die vorm soos volg:

- Voeg 'n vormkontrole ('form control') in die sel langs die teks 'Current Date' sodat 'n datum ingevoer kan word.
- Verander die vormkontrole ('form control') in die sel langs die teks 'Amount Due' om slegs die rand-geldeenheid met twee desimale plekke te aanvaar.
- Voeg 'n aftrekvormkontrole ('drop-down form control') in die sel langs die teks 'Payments'. Die aftrekvormkontrole moet die opsies 'Up to date' en 'Behind' vertoon. (6)

Stoor en maak die **7Statem**-dokument toe.

Maak die **7Chart**-sigblad oop.

7.4 Gebruik die data in die sigblad om 'n grafiek soortgelyk aan die voorbeeld hieronder te skep.




**LET WEL:**

- Slegs die data vir die maande van 2014 word vertoon.
- Die manier waarop die maandelikse etikette vertoon word.
- Die skaal wat op albei asse gebruik word.
- Die verklaring ('legend') is 'Cars Sold'.
- Die data-etikette ('data labels') is bygevoeg. (6)

Stoor en maak die **7Chart**-sigblad toe.

7.5 Besonderhede van motorkopers verskyn in die **tblInfo**-tabel van die **7Buy**-databasis.

Maak die **7Answ**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in.

Hierdie vraag vereis dat jy die antwoord gee en kortliks die spesifieke metode/formule/funksie verduidelik wat jy gebruik het om die antwoord te verkry.

VOORBEELD:

| VRAAG | ANTWOORD | KORT VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| Hoeveel seuns is in die graad 12A-klas? | 24 | Filtreer om die seuns van graad 12A te onttrek en gebruik dan die 'Count'-funksie. |

Gebruik **tblInfo**-tabel in die **7Buy**-databasis om die vrae hieronder te beantwoord.

7.5.1 Hoeveel rekords bevat die woord 'wood' in die stad se naam? (2)

7.5.2 Hoeveel rekords bevat kopers met slegs twee voorletters? (2)

7.5.3 Wat is die gemiddelde prys wat motorkopers van Durban betaal? (3)

Stoor en maak die **7Answ**-dokument en **7Buy**-databasis toe. **[22]**

**TOTAAL: 180**

# HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

| Basiese Merkers ('Basic Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <body></body> | Definieer die liggaam van die webblad |
| <body bgcolor="pink"> | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| <body text="black"> | Stel die kleur van die liggaamteks |
| <head></head> | Bevat inligting oor die webblad |
| <html></html> | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| <title></title> | Definieer 'n titel vir die webblad |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk in |
| <!-- --> | Kommentaar |

| Teksmerkers ('Text Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <h1></h1> | Skep die grootste opskrif |
| <h6></h6> | Skep die kleinste opskrif |
| <b></b> | Skep teks in vetdruk |
| <i></i> | Skep teks in skuinsdruk |
| <font size="3"></font> | Stel fontgrootte, van "1" tot "7" |
| <font color="green"> </font> | Stel fontkleur |
| <font face="Times New Roman"></font> | Stel fonttipe |

| Skakelmerkers ('Links Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <a href="URL"></a> | Skep 'n hiperskakel |
| <a href="URL"><img src="name"></a> | Skep 'n prentskakel |
| <a name="NAME"></a> | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| <a href= "#NAME"></a> | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <p></p> | Skep 'n nuwe paragraaf |
| <p align="left"> | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk ('line break') in |
| <ol></ol> | Skep 'n genommerde lys |
| <ol type="A","a", "I","i","1"></ol> | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| <ul></ul> | Skep 'n kolpuntlys |
| <ul type="disc", "square","circle"> </ul> | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers vervolg | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <li></li> | Voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| <img src="name"> | Voeg 'n prent in |
| <img src="name" align="left"> | Stel 'n prent inlyn: kan "left", "right", "bottom", "top", wees |
| <p align="center"> <img src="name"> </p> | Stel 'n prent "center" inlyn, kan ook "middle" wees |
| <img src="name" border="1"> | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| <img src="name" width="200" height ="200"> | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| <img src="name" alt="alternative text"> | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| <hr/> | Voeg 'n horisontale lyn in |
| <hr size="3"/> | Stel die grootte (hoogte) van 'n lyn |
| <hr width="80%"/> | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| <hr color= "ff0000"/> | Stel die kleur van die lyn |

| Tabelmerkers ('Table Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <table></table> | Skep 'n tabel |
| <tr></tr> | Skep 'n ry in 'n tabel |
